UNIVERSITEIT STELLENBOSCH STUDENTERAAD

# Reglement van die Maties 4 Maties Studenteraadsbeursfonds

2012

## 1 Doel

Die Studenteraad (SR) het dit ten doel om tot die sukses van die studente by te dra. Binne hierdie mandaat/verantwoordelikheid erken die Studenteraad dat studentefinansies ’n belangrike komponent van studentewelwees is, en gevolglik ‘n wesenlike rol in studentesukses speel.

Die Studenteraad is daarvan bewus dat baie studente aan die Universiteit Stellenbosch (US) finansieel behoeftig is, en poog om met die fonds, wat as “Maties4Maties” bekend sal staan, die studente te help en finansieel te bemagtig.

## 2 Bestuur van die fonds

(1) **Struktuur.** Die fonds se bydrae is in die vorm van ondersteuningsbeurse wat jaarliks aan behoeftige studente toegeken sal word.
  - (a) Die fonds maak by uitstek voorsiening vir behoeftigheid ongeag ras, geslag, kursus of ouderdom.
  - (b) Behoeftigheid is die primêre oorweging van die fonds maar dit maak ook voorsiening vir die oorweging van addisionele kriteria tot behoeftigheid. Hierdie kriteria sluit die volgende in:
    - (i) akademie;
    - (ii) gemeenskapsinteraksie en ’n bydrae tot volhoubaarheid;
    - (iii) kultuur;
    - (iv) leierskap; en
    - (v) sport.

(2) **Samestelling van die Beheerkomitee.** Die Beheerkomitee van die Studenteraadsbeursfonds bestaan uit –
  - (a) Studente:
    - (i) die Voorsittter van die Studenteraad;
    - (ii) die lid van die Studenteraad met die portefeulje van Studentegelde of ‘n verwante portefeulje; en
    - (iii) een (1) addisionele lid van die Studenteraad, soos aangewys deur die Studenteraad.
  - (b) Nie-studente:
    - (i) Hoof: Beurse en Lenings
    - (ii) die Studentedekaan; en
    - (iii) een (1) lid van die Universiteitsraad, uitsluitend enige lid verbonde aan die Universiteit, soos aangewys deur die Universiteitsraad; of
    - (iv) een (1) addisionele lid, soos aangewys deur die Hoof: Beurse en Lenings.
  - (c) Alumni:
    - (i) die Voorsitter van die Studenteraadvoorsittersklub; en
    - (ii) een (1) addisionele lid van die Studenteraadsalumni, soos aangewys deur die Studenteraadvoorsittersklub.

(3) **Termyn van die Beheerkomitee.** Die termyn van die Beheerkomitee van die Studenteraadsbeursfonds is –

- (a) een (1) jaar vir die verteenwoordigers in (2)(a) genoem en moet met die termyn van die Studenteraad ooreenstem;
- (b) van die aanstellingdatum tot die uittredingsdatum van die verteenwoordigers in (2)(b)(i) en (2)(b)(ii) genoem;
- (c) twee (2) jare vir die verteenwoordiger(s) in (2)(b)(iii) of (2)(b)(iv) en (2)(c) genoem.

## 3 Finansies

(1) **Inkomste, uitkeer en kapitalisasie.** Die fonds poog om aanvanklik so vinnig moontlik te groei tot ’n kapitaalwaarde van R5 000 000 sodat slegs die jaarlikse rente vir beurse aangewend word. Die volgende word as tussentydse maatreëls aanvaar:

- (a) Beurse sal van meet af toegeken word en kapitaalreserwes sal vir hierdie doel aangewend word.
- (b) Ten einde uitvoering aan die bogenoemde te gee, kan tot 75%, beperk tot ’n maksimum van R240 000, van ’n spesifieke jaar se kapitaalskenkings vir beurse aangewend word.
- (c) Die restant moet gekapitaliseer word en dit kan nie in die toekoms uitgekeer word nie.

(2) Alvorens die R5 000 000 teiken behaal is, moet al die rente-inkomste gekapitaliseer word.

(3) Nadat die R5 000 000 doelwit behaal is, kan kapitaalreserwes of -bydraes nie meer vir die toekenning van beurse aangewend word nie, maar slegs die rente-inkomste.

- (a) Die rente kan soos volg aangewend word: 80% kan as beurse uitgekeer word en die restant moet herkapitaliseer word.

## 4 Toedeling van fondse

(1) Alle aansoekers moet deur ’n middeletoets, soos deur die Hoof: Beurse en Lenings bepaal, as behoeftig bevestig word om vir ’n beurstoekenning oorweeg te word.

(2) Uitkeerbare fondse moet soos volg toegedeel word:

- (a) 50% uitgekeer aan studente waar slegs behoeftigheid en akademiese prestasie as kriteria vir hul aansoek oorweeg word. Studente sal op grond van hul akademiese prestasie georden word. Hiervoor sal hul HEMIS-krediete sowel as geweegde gemiddelde oorweeg word.
- (b) In die volgende kategorieë word addisionele kriteria tot behoeftigheid in ag geneem:
  - (i) 10% aan studente wat ’n bydrae maak tot gemeenskapsinteraksie of tot volhoubaarheid;
  - (ii) 10% aan studente waar prestasie in kultuur as addisionele kriteria

oorweeg word;
(iii) 20% aan studente waar prestasie in leierskap as addisionele kriteria oorweeg word; en
(iv) 10% aan studente waar prestasie in sport as addisionele kriteria oorweeg word.

(3) Die toekennings aan die bogenoemde kategorieë verteenwoordig ’n persentasietoekenning van die totale beskikbare bedrag soos in par 3 beskryf.

(4) Indien daar nie voldoende aansoeke vir die kategorieë met addisionele kriteria ingedien word nie, roteer die fondse terug na die hoofkategorie waar slegs behoeftigheid en akademiese prestasie in ag geneem word.

## 5 Besonderhede

(1) **Basiese voorwaardes en prosedures.**

(a) Verdienstelike en/of behoeftige studente sal elke jaar deur die Studenteraad in samewerking met die Afdeling Beurse en Lenings aan die Beheerkomitee van die Studenteraadsbeursfonds vir goedkeuring voorgelê word.
(b) Die kandidate moet ’n volle akademiese lading volg en aan die minimum akademiese vereistes van die betrokke program voldoen.
(c) Beurse kan in opeenvolgende akademiese jare, na heraansoek, aan dieselfde beurshouer toegeken word, mits die beurshouer elke jaar aan die minimumvereistes vir hertoelating as student voldoen.
(d) Studente moet minstens twee-derdes (⅔) van hul krediete van die vorige akademiese jaar slaag om vir die beurs oorweeg te word. Die behoeftigheid van studente sal met behulp van die middeletoets bepaal word.

(2) **Waarde van beurse.** Die waarde van die beurse sal wissel tussen R2 000 en R50 000 na gelang van die beskikbaarheid van fondse.

(3) **Aansoeke.** Aansoekvorms vir die beurse van die Studenteraadsbeursfonds kan by die Studenteraadskantoor en die Hoof: Voorgraadse Beurse en Lenings verkry word.